die Wapad

Jaargang XV DINSDAG, 28 JUNIE 1960 No. 8

OFFISIËLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

## AANGENAME VAKANSIE

DIE jaarboek, professore en lektore sê die Puk sluit oormôre tot Woensdag, 3 Augustus.

Vir die student is dit van wesentlike belang.

. . . Want hy hou daarvan om sy leermeesters 'n ruskansie te gun.

Elkeen weet immers dat hy die afgelope maande hard gearbei het; en so af en toe het hy sy leermeesters boonop 'n ruskansie gegun deur 'n klas of twee te bank, of te bêre vir beter dae.

Nou breek die vakansie egter aan en professore en lektore kan rustig vakansie hou en tussendeur dalk studeer en voorberei vir die laaste lang skof. Sterkte!

Die studente sal almal bedrywig wees. Sommige sal sommer niks doen nie; ander sal noodsaaklike sakgeldjies verdien; ander sal ambassadeurs van hul universiteit wees; ander sal vir volk en vaderland op die militêre paradeveld doenig wees; en helaas sal daar diegene wees wat beskeie 'n boek of meer sal oopslaan.

Die Wapad wens diegene wat tydens die vakansie as ambassadeurs van die Universiteit sal optree, op die verhoog met uitvoerings, of op die sportveld, of waar ookal, sterkte toe. Hou die vaandel van die Universiteit hoog!

Onthou verder: kort na die vakansie word die professore en ander inmengers weer 'n ruskans gegun tydens Intervarsitie . . . en wie sê ons gaan die Kovsies vanjaar nie klop nie?

● Die Wapad wil graag al sy lesers 'n baie aangename vakansie toewens en die hoop uitspreek dat hulle verkwik en met nuwe kragte sal terugkom.

# A.S.B. GAAN REPUBLIEK POSITIEF PROPAGEER

**DIE AFRIKAANSE STUDENTEBOND gaan vanjaar 'n som van £1,000 bestee ter bevordering en propagering van die Republiek. Hierdie besluit is Saterdag op die eerste volle hoofbestuursvergadering van die Bond wat op Potchefstroom gehou is, geneem.**

## GEEN WAARNEMER NA NUSAS

*Die hoofbestuur van die A.S.B. het Saterdag besluit om vanjaar weer nie 'n waarnemer na die N.U.S.A.S.-kongres wat gedurende Julie in Kaapstad plaasvind, te stuur nie.*


*Ook die P.U.-studenteraad het op sy jongsgehoue vergadering besluit om nie meer 'n waarnemer te stuur soos oorspronklik beplan is nie. Die Studenteraad het as rede hiervoor veral die mislukte studenteraadskonferensies aangegee en ook die feit dat verskillende van die geaffilieerde N.U.S.A.S.-sentra dié liggaam as die enigste basis van interuniversitêre samewerking beskou.*

*Soos die A.S.B.-hoofbestuur erken die P.U.-studenteraad N.U.S.A.S. ook nie as 'n verteenwoordigende liggaam waarop samesprekings op interuniversitêre vlak gevoer kan word nie.*

*„Konferensies soortgelyk aan die voorgestelde studenteraadskonferensies wat die P.U. en Natal beoog het, is die enigste wyse waarop kontak myns insiens met andersdenkendes gemaak kan word," het mnr. Hennie van der Walt, president van die A.S.B. en voorsitter van die S.R., in hierdie verband gesê.*

Aan die organiseerder van die A.S.B., mnr. C. du P. Kuun, is opdrag gegee om die moontlikhede van 'n prysvraag of kompetisie wat in soveel nuusblaaie, tydskrifte en studenteblaaie as moontlik aangekondig sal word, te ondersoek. Die Hoofbestuur hoop dan om langs hierdie weg die Republiek soveel as moontlik bekend te stel en te propageer voordat die referendum gehou word.

Dit is bekend dat die A.S.B. sedert sy ontstaan altyd in beginsel ten gunste van 'n republiek vir Suid-Afrika was en die hoofbestuur beskou hierdie stap as 'n tasbare wyse waarop hulle nou hulle steun aan die saak kan gee.



**Mnr. H. J. D. van der Walt, president van die A.S.B.**

Meer besonderhede in die verband sal na alle waarskynlikheid binne 'n paar weke bekend wees.

'n Ander besluit wat deur die hoofbestuur geneem is en onder die departement van studie en navorsing val, het ook betrekking op die Republiek. Die Bond beoog nl. om, moontlik reeds in 1962, 'n standaardwerk oor „Die verskyningsvorms van die Republikeinse ideaal in die Suid-Afrikaanse volkslewe."

Gesaghebbendes op verskillende terreine sal gevra word om artikels by te dra oor die saak sodat dit as standaardwerk op dié gebied kan dien.

### NIE-BLANKES

Die hoofbestuur het verder besluit om £5,000 in te samel wat aangewend gaan word vir beurse om nie-blankes in staat te stel om aan die nie-blanke inrigtings vir hoër onderwys te studeer.

Die moontlikheid bestaan dat die A.S.B. reeds aanstaande jaar 'n kleurlingstudent aan die Kleurlingkollege van Wes-Kaapland sal onderhou deur middel van 'n beurs.

In die verband wil die Hoofbestuur ook verskillende studenterade van die verskillende geaffilieerde sentra nader om die moontlikheid te ondersoek om elk 'n student aan een van die inrigtings vir nie-blanke hoër onderwys te onderhou.

Die hoofbestuur is Vrydagaand deur die P.U.-Studenteraad onthaal op 'n dinee by die King's Hotel.



*INTERVARSITIE . . . . net om die draai!*

*'n Toneel soos op die foto sal weer vanjaar te sien wees, want kort na die vakansie begin die dirigentskakery en die hare sal waai. Op die foto (wat in 1958 geneem is), lê Ami Venter kwistig die knipper in terwyl Schalk Buys, naaste aan die kamera, toekyk.*

## HOOFBESTUURSFLITSE

- 'n Kommissie in sake Afrika-aangeleenthede, bestaande uit mnre. H. J. D. van der Walt (president), H. D. K. van der Merwe (onderpresident), en P. Strydom is deur die hoofbestuur aangewys. Hulle sal die hele probleem ondersoek en 'n tentatiewe beleid en standpunt vir die A.S.B. voorlê.
- Die Kongresbesluite met betrekking tot die wysiging van die grondwet is finaal goedgekeud.
- 'n Bedrag van £1,000 sal byeengebring word vir die Vereenigingse gedenktekenfonds. Die gedenkteken gaan opgerig word ter herdenking aan die sluiting van die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902.
- 'n Konferensie van die Afrikaanse Onderwyskolleges van Kaapland sal op 28 en 29 September in Stellenbosch gehou word om die funksionering van die A.S.B. aan hierdie inrigtings te bespreek. Die president en hoofbestuurslede sal by hierdie geleentheid teenwoordig wees. Die volgende hoofbestuursvergadering vind gedurende dieselfde tyd plaas.
- Die president en die organiseerder, mnr. Kuun, beoog om voor die aanstaande kongres in Julie aanstaande jaar elke A.S.B.-tak ten minste twee keer te besoek. Dit is veral met die oog daarop om lewenskragtigheid van die takke te bevorder.
- Die tema vir die volgende kongres te Bloemfontein is „Nasionalisme, sy betekenis en verskyningsvorme in S.A. en die wêreld vandag".
- Die hoofkantoor van die A.S.B. word vanaf 1 Julie vanjaar in die Uniewinkelgebou in Pretoria gehuisves. Ruim voorsiening word gemaak om in al die behoeftes van die personeel en hoofbestuur te voorsien.
- Sodra genoeg fondse beskikbaar is, sal 'n begin gemaak word met die verspreiding van die beoogde nuusblad in die buiteland deur middel van goedgesinde kontakte. Dit is veral met die oog daarop om die verdraaiings wat oor Suid-Afrika in die buitelandse pers verskyn, die nek in te slaan.

## Studente nie in Stadsraad

Mnr. Hennie van der Walt het tydens die jongste massavergadering verklaar dat daar geen moontlikheid bestaan dat studente in die stadsraad sitting kan verkry nie.

Die stigting van 'n studentewyk is teenstrydig met sekere provinsiale ordonnansies. Hierbenewens is daar materiële en praktiese besware daarteen.

Die massa het voorts ook die grondwetlike veranderings van die A.S.B. aanvaar wat veral daarop neerkom dat verteenwoordiging in die toekoms op proporsionele grondslag sal berus.

## Nuwe Redakteur

Mnr. Dewald Roode is deur die Studenteraad aangewys as redakteur van Die Pukkie van 1961.

Mnr. Roode volg mnr. Piet Hening op, en is vanjaar ook lid van die redaksie van Die Wapad.

Mnr. Piet Bosman is aangewys as sakebestuurder vir Die Pukkie.

# Prikkelende Gedagtes oor Opperman se Kersliedjie

**PROF. GERRIT DEKKER kon op die jongste vergadering van Estrarte regverdediging vind vir die gebruik van Bybelse motiewe in die gedig „Kersliedjie" van D. J. Opperman.**

Nadat prof. Dekker die agtergrond van die gebruik van Bybelse motiewe in die kuns geskets het, het hy die omstrede gedig bespreek.

„Opperman doen in ‚Kersliedjie' wat hy in baie van sy gedigte doen: Hy transponeer sy stof tot die werklikheidsfeer van eie land en eie tyd," het prof. Dekker gesê en met hierdie argument die gedig na eie mening geregverdig. Terselfdertyd het hy ook gewys op die gevare wat skuil in die gebruik van Bybelse motiewe in die kuns.

Na prof. Dekker se lesing het lewendige bespreking van die onderwerp gevolg, waaraan onder andere dr. Hertzog Venter deelgeneem het.

In die betrokke gedig word die verhaal van die geboorte van Christus vertel, maar die wyse manne is „drie outas uit die haai Karoo". Hul geskenke is „skaapvet, eiers en biltong", wat hul nederig lê voor „God se klong".


volryp
goue
tabak



verreweg die beste koop teen
1/9 vir twintig

P32a





„Aitsa!"
*As die DAMES so sê moet jy weet die Jongeheer koop sy klere by:*
J. TOD SUTTIE
Kerkstraat 177 — Telefoon 1
POTCHEFSTROOM


**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS**

# Voortreflike Uitvoering deur Maud Weyhausen

DIT IS SELDE dat 'n mens 'n sangeres aan tref wat beskik oor talent, 'n goeie tegniek, intelligensie, emosionele rypheid in die v ertolking, 'n fyne musikale aanvoeling en daarbenewens 'n aangename, aantreklike verhoogs persoonlikheid.

Die klein, tog waarderende gehoor, wat die voorreg gehad het om die uitvoering van *Maud Weyhausen* by te woon, het hierdie sonderlige ondervinding gehad om in 'n besondere, interessante en afwisselende program, deur hierdie kunstenares geboei te word.

Verandering van spyse bring eetlus en in die geval van mej. Weyhausen, was dit verkwikkend om na 'n ander soort stem as 'n sopraan te luister, nl. 'n ryk mezzo kontralt. Mej. Weyhausen is nie 'n suiwer kontralt nie. Daarvoor is die lae note nog nie voldoende resonant nie. Laasgenoemde note was dan ook al wat hinderlik was, in 'n buitengewone program.

In die eerste groep, wat sy met die pragtige egalige stemlyn, wat noodsaaklik is in die werke van Arne, Händel en Bach, uitgevoer het, was „O hör mein Flehen" uitstaande in sy roerende smeking.

## BRAHMS

Die Brahms „Zigeunerlieder" wat hierop gevolg het, is met die regte warmte, vuur en teerheid, asook lewendige gelaatspel vertolk. Die „Wisst ihr mein Kindchen" kon ietwat ligter gewees het, maar „Lieber Gott du weisst", met soveel wisselende stemkleur vertolk, gevolg deur „Braune Bursche", was onverbeterlik.

Die vier Ballades uit „Transylvania" van Zoltan Kodaly, was vir 'n groot deel van die gehoor onbekend en hier en daar het 'n mens 'n misnoegde „O die moderne musiek tog . . ." gehoor. Mej. Weyhausen se intelligente vertolking van hierdie liedere egter, het die gehoor van mening laat verander en veral die laaste ballade „Watter een moet ek trou?" was 'n meesterstuk van tegniese vaardigheid en inlewing wat die gehoor in byne ademlose afwagting gehou het, tot die uiteindelike besluit van die oujongkêrel, om tog maar nie te trou nie.

**Weens die siekte van die kunsredaktrise het mev Sarie Serfontein-Theron vriendelik ingewillig om hierdie bespreking in Die Wapad waar te neem. Die redaksie bedank haar daarvoor.**

Die opera-arias, veral dié van Rossini met die koleratuur lopies, wat moeilik uitvoerbaar is vir so 'n lae en swaar stem, is met groot gemak gedoen. Hier weer egter, was die onnatuurlike lae note hinderlik. As een van haar toegifte het mej. Weyhausen die „Habenera" uit „Carmen" van Bizet so goed vertolk, dat die gehoor onmiddellik verplaas is in die atmosfeer van vurige Spanjaarde, stiergevegte, ens. Sy het die rol van „Carmen" reeds 20 keer in Europa vertolk.

## SUIWER

Die uitspraak en vertolking van Eva Noel Harvey en Lemmer se liedere, was mooi, eg en suiwer.

Deurgaans is mej. Weyhausen goed ondersteun en simpatiek begelei deur die bekwame mej. Anna Bender, sonder wie se uitmuntende uitvoering van 'n veeleisende taak, die sukses en genot van die konsert onmoontlik sou gewees het.

Mej. Weyhausen wat in Johannesburg gebore is, is in 1946 na Engeland, waar sy drie jaar lank studeer het aan die „Royal College of Music". Daarna is sy na Parys en toe na Wenen vir verdere studie en optrede in die verskillende Operahuise, o.a. ook „Covent Garden", Londen. Tot onlangs was sy verbonde aan die Klagenfurt Operahuis in Oostenryk. Na haar terugkeer na Europa gaan sy na Wenen. Dit is met trots dat ons daaraan dink, dat nog 'n Suid-Afrikaanse sangeres haar merk gemaak het in die buiteland. Terselfdertyd is dit jammer dat nog 'n knappe kunstenares na die buiteland moet gaan om haar talent en deeglike opleiding tot diens van vreemdes te stel.

● Is dit nie hoog tyd dat ons hier in Suid-Afrika geleenthede skep nie, vir ons kunstenaars, in die vorm van 'n permanente Staatsopera waar hulle, hul talente en bekwaamheid kan gebruik, tot diens van hul eie volk en tot verryking van ons eie Suid-Afrikaanse kultuur? — Sarie Serfontein-Theron.

# STUDENTENUUS VAN ELDERS

'N KRISIS HET IN BLOEMFONTEINSE RUGBYKRINGE ONTSTAAN NADAT TWEE RUGBYSPPELERS VAN DIE VRYSTAATSE UNIVERSITEIT DEUR DIE TUGKOMITEE VAN DIE BLOEMFONTEINSE SUBUNIE VIR DRIE WEKE GESKORS IS WEENS ONGEOORLOOFDE SPEL IN 'N BEKERWEDSTRYD TUSSN U.O.V.S. EN OUDGREYS.

Moontlike gevolg hiervan is dat Intervarsity vanjaar nie meer in Bloemfontein sal plaasvind nie.

Die twee spelers wat geskors is, het die Vrystaat reeds etlike kere op provinsiale gebied verteenwoordig.

Nadat bekend geword het dat die spelers geskors is, het die Universiteitsklub 'n noodvergadering belê en besluit om uit protes teen die beslissing van die tugkomitee al hul spanne vir die volgende wedstryd te onttrek.

## Intervarsitie

Op 'n verdere spesiale vergadering wat belê is, is sekere aanbevelings bespreek waaronder die onttrekking van die universiteitspanne aan die Bloemfonteinse rugbykompetisie vir die res van die seisoen. 'n Aanbeveling is ook gedoen dat die Intervarsitie tussen die Kovsies en Puk wat vanjaar op Bloemfontein moet plaasvind, nou in Welkom of Potchefstroom gehou moet word.

Dit is nie bekend wat die oorweging is om Intervarsitie nie meer in Bloemfontein te hou nie, maar dit sal seker nie verkeerd wees om te beweer dat indien die universiteitspanne aan die Bloemfonteinse kompetisie onttrek word, die rugbyklub verplig voel om ook nie die jaarlikse intervarsitie daar aan te bied nie.

## A.S.B. VERSTERK

Die moontlikheid van 'n volwaardige A.S.B.-tak in Johannesburg het meteens gestalte aangeneem met die aankondiging van die Administrateur van Transvaal in die begrotingsrede van verlede jaar dat 'n vyfde Onderwyserskollege binne Transvaal opgerig sal word, nl. in Johannesburg en met Afrikaans as voertaal.

Die beoogde kollege sal in die begin van 1961 in die geboue van die huidige Con Cowan-hoërskool met sy werksaamhede begin. 'n Skakelkomitee is reeds in die lewe geroep onder voorsitterskap van dr. P. J. Meyer van die S.A.U.K.

Dit is die mening van hierdie komitee dat 'n volwaardige Afrikaanstalige Universiteit uit hierdie Onderwyserskollege kan ontwikkel.

Die stigting van 'n A.S.B.-tak aan hierdie inrigting sal nie alleen die geledere van die A.S.B. versterk nie, maar ook die posisie dat daar geen A.S.B.-tak aan die Rand bestaan nie, verbeter, waardeur die belange van Afrikaanse studente aan die Rand behartig sal kan word.

## Pukke Aangespoor tot Aksie

*Geagte redaksie,*

*Intervarsitie 1960 vind oor drie weke plaas.*

*In werklikheid is dit nog amper twee maande tot 20 Augustus, maar daar bly net drie weke oor om liedjies, ens. te oefen as gevolg van die vakansie.*

*Ons sit nog altyd met die ou kreet wat niemand ken nie. Dit sal vanjaar weer eens op die laaste tippie geleer moet word, anders sit ons met niks.*

*Die skole van Potchefstroom het almal krete wat nie een by die Puk s'n afsteek nie. U.O.V.S. het 'n besondere kreet en het onlangs nog hulle „Vuurpyl" bygekry.*

*Dit het nou hoog tyd geword dat daadwerklike pogings in die werk gestel word om 'n nuwe kreet te vind wat die massa gunstig sal ontvang. Ek glo almal sal vatbaar wees vir enigiets nuuts.*

*Het die A.B.K.K. sy plig in hierdie verband gedoen? Dis tog nie 'n onmoontlike taak nie!*

*En waar is die Pukke saans met sing-songs?*

*Veertig is nie genoeg nie!*

*Laat ons opruk in ons hordes!*

*Sal die groep na Bloemfontein vanjaar weer net uit spelers en eerstejaars bestaan? Sal almal weer met toemonde op die pawiljoen sit?*

*Laat ons wakkerskrik!*

*Sela.*

*Dankie vir plasing,*

*ARIOKO.*

## 'n Loflied op 'Vleuel

„En naby lê die ou murasie daar,
met dode-oë starend in die wes—
geen ruit wat blink in vriend'lik awendglore."
(Uit: **Die** Murasie van Jan Celliers.)

Dit is die lot wat op Postmahuis, sekerlik die koshuis met die kleurvolste geskiedenis en tradisie op die Puk, wag.

Postmashuis is vernoem na die baie Postmas van die Puk en is later nie-amptelik, dog algemeen, herdoop tot Vleuel. (Die tradisie waaraan hy sy naam te danke het, leef glo nog vandag voort volgens mnr. Piet Bosman.)

Postmahuis was eers 'n dameskoshuis en sorteer onder een van die eerste baksteengeboue van die P.U.K. Nadat Piet Groblerhuis voltooi is, het Vleuel 'n manskoshuis geword met prof. G. T. S. Eiselen as eerste en inwonende huisvader.

Heimat is in 1926 opgerig en Postmahuis in 1931. Gedurende die tweede semester sal hierdie geskiedkundige koshuis gesloop word om plek te maak vir 'n nuwe en moderne dierkundelaboratorium van £80,000. Geen tender is nog tot dusver aangeneem nie.

# Alabama Toer Deur Transvaal

DIE ALABAMA-TOERGROEP wil tydens vanjaar se toer, wat Donderdagmiddag begin, uitbou op die nuwe rigting van 'n blaasorkes waarmee verlede jaar begin is. Die groep vertrek Donderdagmiddag om vieruur en sal omtrent deur die hele Transvaal toer.

Verlede jaar het die Alabama-orkes hulle byna uitsluitlike boere-orkeskarakter gedeeltelik prysgegee vir 'n nuwe rigting, dié van 'n blaasorkes. Dit het baie byval gevind op die toer deur Suidwes-Afrika. Na verwagting sal dit vanjaar nog gewilder wees, veral omdat daar goeie



Idyll van der Walt.

talent bygekom het in die blaasorkes.

Afgesien van die orkes, vind die sang en volkspele altyd groot byval by die publiek. Hier noem mens spesiaal die kwartetsang van die Duitse liedjie „Schlösser die in Monde liegen", wat deur Danie Fourie uitstekend afgerig is. Verder is daar glo ook 'n „tragedietjie" op die program bygegooi vir afwisseling.

Vanjaar se toergroep bestaan uit veertien manstudente en twaalf dammesstudente. Die toergroep het as leier Idyll van der Walt en die reisouers is prof. en mev. D. W. Krüger. Die groep reis per bus.

Die hoofdoel van die toer is nie om geld in te samel nie maar om die Puk wyd en syd bekend te stel. Verlede jaar is daar op die Suidwes-toer £600 wins gemaak.

Vanjaar gaan die fondse weer na die boufonds.

Die toer begin op 30 Junie op Ventersdorp en die laaste opvoering is op 25 Julie op Witbank.

## Natallers se Betoging Misluk

**Die betoging wat deur die „Academic Freedom Committee" van die Natalse Universiteit beplan is voor die heropening van die Universiteit na die kort vakansie, het misluk. Die betoging sou gehou word om te protesteer teen die „Separate University Bill" waardeur nie-blanke studente verbied is om by 'n „blanke" Universiteit in te skryf sonder die geskrewe toestemming van die minister van Bantoe Onderwys.**

Nux, die offisiële studentekoerant van die Natalse Universiteit, verklaar in 'n uitgawe van 1 Junie: „A meeting of the S.R.C. Executive had decided to empower the Committee for the Defence of Academic Freedom to organise pickets on Open Day, as it felt that to hold a display of the academic functions of the University without reminding the public of the political context in which the Universities find themselves would be tantamount to a lie."

Toestemming kon nie van Dr. Black, dekaan van Pietermaritzburg, verkry word nie, en die Studenteraad was verplig om die rektor, prof. E. G. Malherbe, te nader. Prof. Malherbe het die organisasie van die beoogde betoging ten strengste verbied, en het die Studenteraad meegedeel dat die polisie die Universiteitsowerheid meegedeel het dat indien enige verdere studentebetogings gedurende die noodtoestand georganiseer word, die betogers gearresteer sou word.

Prof. Malherbe het bygevoeg dat indien die polisie nie die dreigement sou uitvoer nie, hyself stappe sou neem teen enigeen wat hierdie reëling verontagsaam.

# Thalia gaan Suidwes Vanjaar Verower

**THALIA, DIE TONEELVERENIGING van die Puk, beplan vir hierdie vakansie 'n uitgebreide toer deur Noordwes-Kaapland en veral deur Suidwes-Afrika. Altesaam 25 persone sal die toer meemaak en hulle begin al tande slyp vir die toer, wat Donderdagaand om elfuur begin wanneer die toergeselskap hiervandaan per trein op hul lang skof vertrek.**

Thalia bied vanjaar weer die toerstuk van verlede jaar aan, nl. **Kandidaat van Bommel**, deur Doctor Juris. Verlede jaar het hulle daarmee deur Noordoos-Kaapland getoer en die stuk het groot byval by die publiek gevind, vertel die sekretaris van Thalia, mnr. Cassie Venter.

Dit is die beleid van die toneelvereniging om nie aan die publiek toneelstukke te bied wat al klassiek geword het deur die aantal kere wat hulle opgevoer is nie. Die toneelpubliek moet iets nuuts aangebied word en vanjaar is dit Suidwes se beurt om hierdie toneelstuk, wat besonder beskik is vir opvoering deur 'n studente-toergeselskap, te sien en



Dries Yssel.

te geniet.

**Kandiaat van Bommel** is die Afrikaanse vertaling van die Nederlandse stuk **De Candidatuur Van Bommel**, geskryf deur J. de Koo onder die skuilnaam Doctor Juris.

### POLITIEK

Dit handel oor die Nederlandse verkiesingspolitiek van die negentiende eeu, waarmee die skrywer gemoedelik gekskeer. Hoewel dit oorspronklik 'n Nederlandse stuk is, is dit deur dr. T. T. Cloete in Afrikaans vertaal en kan dit ewe-goed dien as satire op die gewildheid van die verkiesingspolitiek in Suid-Afrika.

Met hierdie stuk dan, waarmee Thalia verlede jaar sowat £600 wins gemaak het, gaan hulle dan vanjaar Suidwes verower. Die opbrengs gaan ten bate van die P.U.-boufonds en liefdadigheid.

Dr. Cloete het as regisseur opgetree, maar hy sal nie die toer vergesel nie. Prof. en mev. J. H. Kroeze sal optree as reisouers en die Studenteraadsverteenwoordiger is Proffie van Vuuren. Dries Yssel is weer die toerleier. Ander lede van Thalia se toerbestuur is Piet Venter, Lelie Jonker en Rina Kemp.

Saterdagaand is 'n voorsmaak van die toer gekry toe Thalia die stuk op Odendaalsrus opgevoer het.

Altesaam twintig plekke sal tydens die toer besoek word en die reis vind per trein plaas.

## DUITSE STUDENTE

Onder die opskrif „Apartheid Stinks", berig *NUX*, studentekoerant van die Natalse Universiteit van 'n betoging deur die Universiteit van Keulen in protes teen die apartheidsbeleid van die Unie-Regering.

Volgens die berig sou studente, waarvan baie uit Afrika kom, na die betoging wat ongeveer 'n uur geduur het en waaraan nagenoeg 600 studente deelgeneem het, na die Suid-Afrikaanse Ambassade gemarsjeer het.

'n Doodkis wat die dood van die slagoffers van die onlangse onluste in Suid-Afrika simboliseer, is saamgedra asook baniere met opskrifte soos: „Ons protesteer teen die rassehaat in Suid-Afrika", „Vryheid vir die inwoners van Afrika" en „Boikot Suid-Afrikaanse produkte".

Die betoging is gereël deur die Unie van Afrika-Studente van die Universiteit van Keulen.

## A.S.B.-TOER — BLINK GEDAGTE

Afgesien van die uitstekende toer wat die A.S.B. vanjaar weer aanbied en wat 'n besoek aan plekke in Brittanje en die Vasteland insluit, het die lid vir toere, mnr. Hennie van der Walt, vanjaar met 'n splinternuwe idee vorendag gekom.

Toerlede kan nou teen betaling van die minimale bedrag van £25 ekstra, per vliegtuig reis en ook nog 'n toer deur Israel by hulle reisplan insluit. Die groep wat op die gewone toer gaan, reis per boot en ontmoet die groep wat oor Israel gaan in Brussel.

Die gedagte daaraan om Kersfees in die Heilige land te vier, by die plekke wat daarmee verband hou, het seker baie studente se verbeelding op een of ander tydstip aangegryp. Die geleentheid daartoe is nou hier vir elke lid van die A.S.B. of oud-lede van die Bond.

Besoeke aan die Universiteite van Jerusalem, Tel Aviv, die praalgraf van Dawid, die Kamer van die Laaste Avondmaal, die Olyfberg, Golgota, Nasareth, die see van Galilea en ander Bybelse plekke verskyn o.a. op die toerplan. Vir studente in die Bybelse vakke sowel as vir die leek sal hierdie toer uitstekende geleenthede bied.

● Die toer soos oorspronklik beplan sal £355 kos en dus kom die totaal, indien die reis na Israel meegemaak word, op £380 te staan. Ruim voorsiening word vir afbetalings in paaiemente gemaak.

Besonderhede kan by mnr. H. J. D. van der Walt, Postmahuis, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, verkry word.


**Wes-Transvaalse SPORT-WINKEL**

KERKSTRAAT 85

●

*Ons spesialiseer in*

★ **Sportbenodigdhede**

*en*

★ **Herstelwerk aan Tennisrakette**





**Claustrophobia?**

★

IS U BEKOMMERNIS DIE WOORD „STUDIE"?

MAAK DAARDIE WOORD INTERESSANT EN DUIDELIK —

KOM NA

**PRO REGE PERS**

DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL

Kerkstraat 95 — Tel. 1164

BOEKHANDEL ANTIKWARIAAT

# AJAX

BOEKE EN SKRYFBEHOEFTES

Kerkstraat 159 Foon 3458
POTCHEFSTROOM





K W A L I T E I T ?

INDERDAAD, MY VRIEND!

by

H. & H.J. JUWELIERS

129 Kerkstraat. Tel. 1031



MOENIE.....



MET 'N KOUE PAMPOEN OM DIE BOS GELEI WORD NIE!

CORNER FRUIT STORE

„U KEN ONS!"



Op pad . . .



na

GEEN & VELLEMAN

vir hulle

FOTOGRAFIESE en APTEKERSBENODIGDHEDE.

Volg hom na:

Kerkstraat 178.



die wapad

Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.


# ONS TAAK EN IDEAAL

ELDERS in hierdie uitgawe verskyn 'n brief deur die president van NUSAS, mnr. John Shingler. Hoewel die bestek van 'n hoofartikel in 'n studentekoerant nie genoeg ruimte laat om al die aspekte wat mnr. Shingler aanraak, in die diepte te bespreek nie, wil gepoog word om die basiese riglyne van ons eie standpunt te stel.

Die aard en die omvang van S.A. se rassevraagstuk hoef hier nie beklemtoon te word nie. Voldoende is dit om te sê dat hierdie vraagstuk nie alleen oorheersend in ons openbare lewe en in ons studenteverhoudinge is nie, maar inderdaad so ernstig dat baie mense twyfel of 'n oplossing nog wel moontlik is.

Van die Suid-Afrikaanse student kan met reg verwag word dat hy in veel groter mate as in die verlede duidelikheid oor landsvraagstukke—vir hom beginselsake—moet verkry. Want alleen dan sal hy in staat wees om as student en later as volwasse burger van die land die nodige leiding te gee.

Vanselfsprekend is die student se taak om die duidelikheid wat hy verkry en die kennis wat hy opdoen, onder die breë lae van die bevolking in te dra.

Dit is noodsaaklik vir enige gemeenskap dat daar meningsverskil moet wees, want meningsverskil roep tot verantwoording. Verder is daar in elke gemeenskap 'n gedurige proses van groei en ontwikkeling; stilstand beteken stagnasie en die ondergang van die gemeenskap. Met reg kan verklaar word dat as dit nie was vir die rusteloos-soekende gees van die mens sou menslike gemeenskappe nooit beskawings voortgebring het nie en sou ons eie Westerse beskawing en leefwyse nooit sy huidige ontwikkelingspeil bereik het nie.

Die gedurige voortbou op bestaande kennis, die gedurige toetsing van bestaande opvattinge en denkrigtings aan die gewete en aan nuwe feite en gesigspunte wat na vore tree, bly steeds die noodsaaklike eis in die ontwikkeling van die mensdom en van elke menslike gemeenskap — ook 'n studentegemeenskap — in die besonder.

Nou is dit ons ideaal dat 'n Afrikaanse, Engelse en Bantoe Studentebond uiteindelik in die lewe geroep sal word, elk met sy eie kultuurgrondslag, gekoppel deur 'n begrip van samewerking in die vorm van 'n konfederatiewe liggaam.

Daarmee is die riglyn vir toekomstige tussenuniversitêre verhoudinge en ontwikkelinge gestel. Langs hierdie lyne is daar vir almal plek in S.A. wat die land as tuiste aanvaar. En dit is geen afdwinging van die een se wil op die ander nie: dis spontaan ewolusionêr. Hierdeur word die eie aard, eie kultuur en eie taal van elke groep gewaarborg en hoog geag. Oor sake van gemeenskaplike belang word op konfederatiewe grondslag saamgespan; oor teer en innige sake besluit elke groep vir homself.

Hierdie grondslag eerbiedig die uiteindelike emansipasie van die Bantoe in politieke sin in soverre dit binne die grense van 'n enkele staat moontlik is, en is gemik op harmonieuse gemeenskapsontwikkeling.

Maar die outonomie in administratiewe aangeleenthede wat aan die Bantoe in sy eie gebiede gegee sal word, beteken nie die prysgawe van die blanke voog se soewereiniteit oor die gebiede nie.

Hierdie harmonieuse ontwikkeling is teen die agtergrond van die Unie se geskiedenis en tradisies, die teenoorgestelde van die ander benadering waarop aangedring word, nl. die skepping van 'n veelrassige gemeenskap deur onmiddellike of geleidelike integrasie en assimilasie van die Bantoe en ander nie-blanke elemente met die blankes, terwyl die verskille tussen die groepe heeltemal oor die hoof gesien of opstelik uitgeskakel word.

Enige poging om langs die weg van integrasie en assimilasie te ontwikkel kan in S.A. nooit ewolusionêr wees nie, veral gesien in die lig van die situasie wat reeds die afgelope 300 jaar hier ontwikkel het.

Dit kan slegs rewolusionêr wees met verskriklike gevolge, nie net vir die blanke element nie, maar ook vir die aansienlike Kleurlingbevolking van die Westelike Provinsie en vir die Indiërs van Natal, soos reeds voldoende bewys is met die onluste in Durban in 1949.

Vir die meeste blankes in die land sowel as vir verligte verteenwoordigers van die Bantoe- en ander groepe is blanke politieke heerskappy—en heerskappy is geen onderdrukking nie!—oor die land as geheel 'n sine qua non vir rassevrede en ekonomiese voorspoed in Suid-Afrika.

Ons taak en ideaal is om vooruitstrewende blanke en Bantoe gemeenskappe op te bou, wat in afsonderlike maatskaplike kanale saamwerk vir vrede en voorspoed. En as ons welslae behaal met wat ons probeer doen, sal die Westerse demokrasie ontsaglik daarby baat.

# In U Lig

ONS UNIVERSITEIT IS DIE enigste christelike universiteit in die land. 'n Groot versoeking vir ons om ook soos die Fariseër in die gelykenis, te bid: „O God, ek dank U dat ek nie soos die ander mense is nie . . ." Dit is heeltemal 'n verkeerde dankgebed, want die dank en lof bring die Fariseër vir homself en nie vir God nie. Jesus verwerp daarom ook sy gebed.

Wat was dan die groot fout in die Fariseër se gebed? Christus noem die fout van die Fariseër aan die einde van die gelykenis. Die Fariseër het homself verhoog. Dit kon die Fariseër regkry, omdat hy homself in sy gebed gaan vergelyk met ander mense wat skynbaar groter sondaars is as hyself. Hy gaan stel hom nie teenoor God in sy gebed ellende is.

**Lukas 18 : 11 . . . O God, ek dank U dat ek nie soos die ander mense is nie . . .**

nie, maar teenoor medesondaars en die Tollenaar. Medesondaars is dus vir hom die maatstaf van sy lewe en nie die Woord van God nie.

Terwyl die Fariseër bid, kyk hy na ander mense. Hy ken die sondes van ander, maar hy ken nie die eerste stap tot die salige lewe en sterwe nie, naamlik „hoe groot my sondes en ellende is". Soos in ons Heidelbergse Kategismus gestel, is dit nie nodig vir ons om te weet hoe groot die sonde en ellende van my buurman is nie, nee, ek moet weet hoe groot my eie sonde en

### WETSVERVULLER

Die Fariseër sien homself soos ander mense hom sien en nie soos God hom sien of God's Woord hom sien nie. Hy was tog die wetsvervuller in die oog van die wêreld. Die Fariseër slaan homself op die skouer in plaas dat hy homself op die bors slaan soos die Tollenaar.

Let mooi op die woorde van die Fariseër. „Ek dank u dat ek nie soos die ander mense is nie." Wie is die belangrikste in hierdie gebed? Is dit God of is dit die „Ek" van die Fariseër? Die Fariseër verhef hom nie net oor mense nie, maar ook oor God. As hy hom gaan toets het aan die Woord van God sou hy homself nie kon verhef nie, want in die oog van God is elke mens doemwaardig, want elke mens is 'n sondaar voor die heilige God.

Maar vertel Christus nou hierdie gelykenis vir die Fariseërs? Nee, God's Woord sê uitdruklik: „En Hy het ook met die oog op sommige wat op hulleself vertrou dat hulle regverdig is en die ander verag, hierdie gelykenis vertel." Hierdie gelykenis is dus vir alle tye, want daar is altyd mense wat op hulleself vertrou.

Ook ons vertrou dikwels op onsself. In elkeen van ons is daar ook 'n Fariseër wat doodgemaak moet word. As u teen hierdie stelling stry, dan is dit juis die beste bewys dat die Fariseër nog in u leef.

### SELFVERHEFFING

Ons kry ook dikwels daardie selfverheffing by ons, omdat ons onsself gaan vergelyk met ander mense. Dan vergelyk ons onsself ook altyd met mense wat skynbaar groter sondaars is as onsself, want hulle wat skynbaar beter mense is as ons, beskou ons gerieflikheidshalwe as Fariseërs. So verhef ons onsself en maak ons oë toe vir die woord van Christus: „Want elkeen wat homself verhoog, sal verneder word".

So verhoog ons ook ons eie Universiteite. Sodoende maak ons dieselfde fout as die Fariseër in sy gebed. Ons sien onsself soos ons reken ander mense ons sien.

Hoe moet ons onsself sien as onsself wil ondersoek? Van ons word tog gevra om onsself te ondersoek. Moet ons ons nie gaan vergelyk met ander mense nie? Nee, dit bring jou maklik in die versoeking om jousself te verhef oor die uitwendige en God kyk in die hart van elke mens. Buitendien is elke mens 'n sondaar en kan die maatstaf wees vir ons lewe nie.

Daar is maar een maatstaf vir elkeen van ons en ook vir ons Universiteit. Dit is die Woord van God, die onfeilbare maatstaf. Ander mense en ook onsself is feilbaar. Mense kan nooit 'n reguit maatstaf wees nie.

### GROOT TOETS

Ons moet onsself toets aan God's Woord. Ons moet onsself sien soos God ons sien. Ons moet ons gaan stel teenoor die Heilige en Regverdige Regter, wat in die hart kan inkyk. Dan sal ons onsself ook nie te diep kan verneder nie. Dan sal ons nie anders kan bid as die tollenaar nie: „O God, wees my sondaar, genadig".

As ons onsself as doemwaardig voor die aangesig van die Heilige God sien, dan kan ons onsself ook sien soos die Barmhartige Vader ons sien deur ons Here Jesus Christus, naamlik as gewasdes in die bloed van die Lam wat geslag is.

Daarom aan ons kom geen dank en lof toe nie, maar „Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam kom toe die lof en die eer en die heerlikheid en die krag in alle ewigheid".

P. J. W. LINDE.


**REDAKSIE EN ADMINISTRASIE:**

HOOFREDAKTEUR ..... *Dirk Herbst* (X041)
ASSISTENT-HOOFREDAKTEUR ..... *Schalk Hoogenboezem* (X042)
NUUSREDAKTEUR ..... *Stoffel Cilliers* (X042)
REDAKTEUR TUSSENUNIVERSITêRE EN BUITELANDSE SAKE ..... *Dewald Roode* (1566)
KUNSREDAKTRISE ..... *Enid Rautenbach* (1385)
SPORTREDAKTEUR ..... *Isak Lessing* (425)
VARIAREDAKSIE ..... *Piet Bingle en Annemarie Schutte*
NUUSVERSLAGGEWERS: ..... *Gert Scholtz, André Arnoldi en Elsa Pelser*
SPORTVERSLAGGEWERS: *Nic Swart en Marieke v. d. Merwe*
FOTOGRAAF ..... *Johan van der Merwe* (19)
SIRKULASIEBESTUURDER ..... *Herman Oosthuizen* (X041)
PENNINGMEESTER ..... *Ernie van der Merwe*
ADVERTENSIEBESTUURDER ..... *Ben Bierman* (1188)
SPOTPRENTTEKENAAR ..... *Ben van der Walt*
TEGNIESE ADVISEUR ..... *Gouws Oberholzer*



# VETERAAN-PUK OORSEE

MNR. KOOS VAN WYK, dosent in die departement plantkunde, is een van die veterane van Pukland wat vanjaar nog na die buiteland vertrek vir verdere studie. Hy sal waarskynlik in die eerste week van September na Amerika vertrek.

Mnr. Van Wyk het 'n Uniebeurs ontvang om sy navorsing in die Plantekologie aan die Universiteit Duke, Noord-Carolina, voort te sit. Daar sal hy vir 'n jaar lank werk onder prof. Oosting, wêreldgesaghebbende in Ekologie.

Volgens die Amerikaanse stelsel ontvang mnr. Van Wyk reeds twee jaar erkenning vir sy navorsing dusver. Om sy bestudering van die plantgemeenskappe af te rond en sy gegewens te verwerk, is dit nodig om minstens 'n jaar lank in die V.S.A. te gaan werk.

Hierdie navorsing sal hy doen ter verkryging van die doktorsgraad in plantkunde. Mnr. Van Wyk beplan ook om deur dele van Noord-Amerika te toer ten einde verskillende plante in die streke te bestudeer.

Hy is 'n ou bekende op die Puk. In 1953 het hy aan die P.U. ingeskryf vir die graad B.Sc. en dit in 1955 behaal. 'n Jaar later behaal hy die Honneurs en in 1958 die M.Sc.-graad.

In 1957 het hy in die plek van dr. Papendorf wat toe oorsee was, tydelik plantkunde gedoseer. In 1959 is hy op 'n proefjaar aangestel en vanjaar het hy sy permanente aanstelling gekry.

## Woord en Daad

**Die Christelik-nasionale maandblad, Woord en Daad, sal vanaf Augustus twee-weekliks verskyn, kragtens 'n besluit van die hoofbestuur van die Afrikaanse Calvinisties Beweging.**

Die besluit van die hoofbestuur word as volg gemotiveer: „Diep onder die indruk van die huidige spanninge in die hele wêreld en ook in ons land het die bestuur tot die gevolgtrekking gekom dat hierdie stap nie langer uitgestel kan word nie.

„Die Woord van God is vir ons die enigste rigsnoer dwarsdeur die lewe, en as ons oor die krisisse wat ons belewe wil praat, moet dit op 'n suiwer grondslag gedoen word."

Teen die agtergrond van die geweldige sensasionele neigings in die huidige Afrikaanse perswese, moet hierdie besluit van die A.C.B. slegs geloof word en verdien dit die steun van elkeen vir wie die toekoms erns is.

Persone wat belangstel om intekenare vir Woord en Daad te werf, kan dit gedurende die eerskomende vakansie doen. Die intekengeld op die blad is £1 en die werwer ontvang 10/- vir elke intekenaar.

Sodanige persone kan skakel met mnr. J. J. de Wet Krüger (tel. 0068) of mej. C. Postma (tel. 0059).

## Pukke oor die S.A.U.K.

Drie Pukke, Idyll van der Walt, Koos du Plooy en Dirk Herbst, het onlangs aan 'n vasvrawedstryd oor die S.A.U.K. deelgeneem.

Hulle het te staan gekom teen 'n span van Johannesburg wat almal die van Botha dra.

Die drietal het hul goed van hul taak gekwyt, en het voor die laaste vraag nog voorgeloop. Die uiteindelike uitslag was egter gelykop.

Na verwagting sal hulle in Augustus met 'n span bestaande uit Sonnekusse kragte meet.

★ Die opname word op Saterdag, 2 Julie, in die program ,,'n Oulap, 'n stuiwer en 'n bokstert'' uitgesaai.

Die programleier was Danie Erasmus, 'n oud-Puk en voormalige redakteur van Die Wapad.

**EXPRESS**
**DROOGSKOONMAKERS**
ONS IS TROTS OM U TE BEDIEN
DIENS AAN BLANKES ALLEEN
**Lombardstr. 25 — Tel. 3403**

**Ondersteun Ons Adverteerders**

# SEMINAAR OOR KENIA

Volgens die jongste nuusberigte oor die politieke toestand in Kenia wil al die naturelle nasionaliste-leiers hê dat Jomo Kenjatta, verbanne Mau-Mau-leir, as leier moet terugkeer.

Hierdie feit is deur prof. L. J. du Plessis, verstrek op die Afrika-Seminaar, wat op Woensdag 15 Junie aan die P.U. plaasgevind het.

Daar word verwag dat die Kenia African National Union, bestaande uit hoofsaaklik die Kikoejoestam waaruit die Mau-Mau voortgekom het, binnekort heerskappy sal oorneem, aldus prof. Du Plessis.

Prof. J. H. Coetzee het op die veelrassige bevolkingsamestelling van Kenia gewys. Sowat 65,000 blankes woon tussen ses miljoen naturelle, 165,000 Asiate en 35,000 Arabiere.

Prof. J. S. van der Merwe en mnr. J. W. Nel het oor die aardrykskundige aspek van Kenia gepraat en gesê dat die land in oppervlakte byna die helfte so groot as die Unie is.

HUMANISTIES

Dit was eerder uit humanistiese as imperialistiese oorwegings dat Kenia onder Europese beheer geplaas is, het mej. R. C. Gräbe gesê. Sy het oor die geskiedenis van Kenia gepraat.

Prof. Du Plessis het ook gesê dat Kenia tans 'n tydperk van groot ekonomiese bloei beleef en dat die nasionale inkomste jaarliks met sestien persent styg.

# S.S.B. EN A.B.K.K. MOET BESTAAN MAAR KOM NIE TOT REG NIE

**DIE BESTAANSREG van die A.B.K.K. en die S.S.B. kan vir geen oomblik betwyfel word nie, maar die twee liggame kom nie altyd tot hul volle reg nie, is die gevolgtrekking waartoe lede van die debatsvereniging tydens 'n onlangse vergadering geraak het.**

Mnr. D. A. S. Herbst het as inleier gewys op die noodsaaklikheid van die twee liggame as vernouingskanale vir werksaamhede van die Studenteraad.

As gevolg van omstandighede kan hierdie liggame dikwels nie tot hulle volle reg kom nie. Veral die S.S.B. toon in die jongste tyd tekens van bedrywigheid en met deelname aan 'n sentrale sporttoernooi en die reël van programaande is die liggaam op die regte spoor.

Die A.B.K.K. kan vir geen oomblik 'n liggaam wees wat bloot 'n dirigent aanwys of liedjies laat sing nie, maar moet van binne af geaktiveer word en 'n positiewe bydrae tot kultuuruitbouing doen, het hy gesê.

TEENSTANDER

Mnr. P. R. P. Potgieter, wat die teenoorgestelde standpunt ingeneem het, het hom veral op die praktyk toegespits en verklaar dat die twee liggame nie blyke van aktiewe werksaamheid toon nie.

Hy het voorts gewys op die noodsaaklikheid van meer magte aan die twee liggame indien hulle aan hul doel wil beantwoord.

Die twee sprekers se ondersteuners was mnre. Louis Coetzee en Piet Venter onderskeidelik.

★ Die vergadering is uiters swak bygewoon en slegs persone wat op een of ander wyse by die program betrek was, was teenwoordig. Dis werklik teleurstellend aangesien die bespreking van regstreekse belang vir die samestelling van ons studente-organisasie was.

## VETERAAN

*Vanjaar se hoofdirigent is waarskynlik die veteraantoeris van die Puk. Idyll van der Walt vertrek Donderdag op sy sewende studentetoer sedert hy op die Puk gekom het.*

*Sedert sy eerste jaar, 1955, het hy nog elke jaar saam met Alabama gaan toer. In 1957 het hy twee toere meegemaak. Van daardie jaar af is hy ook programbestuurder van die Alabama-toergroep.*

*Hy was in 1958 leier van die toergroep en is dit vanjaar weer.*

# SLEGS TWEE BO TAGTIG PERSENT

Die uitslag van die Studentehandboekeksamen vir eerstejaars is die afgelope week bekend gemaak.

Slegs twee studente kon daarin slaag om bo tagtig persent los te slaan in die eksamen. Hulle is Barend Lessing en Mariana Viljoen.

Altesaam 179 kandidate het hulle vir die eksamen aangemeld, wat toon dat heelwat eerstejaars nie ingeskryf het nie. Van hierdie 179 het 55 nie die paal gehaal nie.

Die slaagpunt vir die eksamen was vyftig persent.

# KERKHOF SAL BINNEKORT OPGEKNAP WORD

NA HERHAALDE pogings die afgelope vyf jaar sal 'n begin heelwaarskynlik gedurende die Julievakansie gemaak word met die opknapping van die Vyfhoekkonsentrasiekampkerkhof, het mnr. Hannes Els, lid van die bestuur van die plaaslike A.S.B.-tak, verklaar.

Die beraamde koste aan die herstelwerk sal ongeveer £14,000 beloop. Meer as 1,000 vroue- en kindergrafte lê reeds die afgelope 58 jaar in 'n verwaarloosde toestand.

In samewerking met die S.A. Raad vir Oorlogsgrafte het die A.S.B. die taak aangepak en reeds £338 ingesamel van die beoogde bedrag.

'n Groot gedeelte van die koste sal egter gedra word deur die Raad vir Oorlogsgrafte. Dr. A. Kieser (hoofargivaris) en mnr. J. Lombaard is benoem as lede van die Raad om die saak te behartig.

PLAASLIK

'n Plaaslike komitee wat deur die A.S.B. aangewys is, bestaan uit dr. J. A. L. Taljaard (namens die Skakelkomitee), mnr. G. W. Swart (namens die Stadsraad) en mnr. Hannes Els.

Na voltooiing sal die Stadsraad van Potchefstroom die monument in stand hou.

GEEN OPGRAWINGS

Aanvanklik is beoog om die kerkhof van ongeveer 400 grafte wat by die Park, teenoor die stasie en die Meule geleë is, ook op te grawe en te herbegrawe in die Vyfhoekkerkhof, dog dit het later geblyk nie moontlik te wees nie, aangesien na 58 jaar geen stoflike oorskot meer te vind sal wees nie.

Die studente en die publiek word versoek om positief mee te werk aan die grootse onderneming. Kollektelyste sal binnekort aan eerstejaars gegee word en 'n beroep word op die persone gedoen om vurig mee te werk.

**NOORDBRUG KONTANTWINKEL**
(Eienaar: A. G. Botha)
Vir
LEKKERS, SIGARETTE en TOILETWARE
KRUIDENIERSWARE,
SKRYFBEHOEFTES,
●
Langs Noordbrug-Poskantoor



**MOENIE SOEK NIE!**
**'n Oud-P.U.-Kaner het dit REEDS gevind**
**Aptekers J. P. van der Walt**
**(EDMS.) BPK.**
**POTCHEFSTROOM SE MODERNSTE APTEEK**
**Kerkstraat 118 — POTCHEFSTROOM — Telefoon 929**

*VIR DAARDIE HOL GEVOEL OP DIE MAAG . .*
*BAK ONS DIE*
***Heerlikste Vleispasteitjies***
**TURKSTRA BAKKERY**
**(EDMS.) BPK.**
**KERKSTRAAT 61**

# HOËR ONDERWYS VIR DIE BANTOE

—EDDIE DE JAGER

**Die mees uitstaande kenmerk van die argitektuur van die kolleges is die rustige landelikheid daarvan en die tradisionele motiewe wat die geboue versier. Dit skep nie alleen 'n baie rustige atmosfeer nie maar werk ook baie stimulerend in op 'n mens en gee aan die kolleges 'n besondere gees wat sekerlik nie van minderwaardigheid getuig nie.**

Dat die kolleges dus reeds in hierdie stadium oor 'n eie gees en atmosfeer beskik, is verblywend want in sulke omstandighede kan die mense wat daarvan gebruik maak gelukkig wees.

Koshuise: Aparte koshuise bestaan vir manlike- en vroulike studente. Elke koshuis huisves 20 studente. Die koshuise is elk voorsien van alle moontlike geriewe. Ontspanningskamers, leeskamers, was- en strykgeriewe ens. word voorsien. Veral treffend is die buite geselsplekke, bekend as lapa's.

Die koshuise is deeglik beplan vir lig, lug gemaklikheid en ruimheid. Enkel- en dubbelkamers is beskikbaar. Elke student het 'n ruim ingeboude kas, bed en studeertafel. Meubilering is eenvoudig, dog smaakvol.

Die koshuise is gebou om sover moontlik omstandighede te skep waarin gestudeer kan word en ook ontspan kan word sonder dat die twee groepe mekaar juis in wiele hoef te ry. Elke koshuis word ook voorsien van tafeltennisbenodigdhede, tydskrifte en koerante.

**MOOISTE**

Eetsaal: Die Universiteitskollege van Zoeloeland en die van die Noorde beskik beide oor eetsale wat ek as van die mooiste in die land bestempel. Hierdie mening word ok gedeel deur almal wat hulle sien. Die styl is eenvoudig, dog so treffend dat dit mens verbaas laat staan.

Geweldige glasventers verleen lig en lug terwyl die volle lengte van een van die mure beslaan word deur skuifdeure wat werklik 'n gevoel van gesofistikeerdheid verleen sonder gesmuktheid. Elke eetsaal maak voorsiening vir 600 studente. Kombuisgeriewe is van die allermodernste.

Behuising van die personeel: Blanke en Bantoe doseerende en administratiewe personeel bewoon ruim moderne huise met alle geriewe. Vir ongetroude persone word voorsiening gemaak in enkelkwartiere.

Akademiese geboue: Lesingsale en laboratoria voldoen an al die moderne vereistes. Elke dosent beskik oor sy eie kantoor. Ameublement, uitrusting ens. is so goed as aan enige blanke universiteit.

**AKADEMIESE OPLEIDING**

Die kolleges beskik oor baie deeglike biblioteke met 'n versameling boeke wat 'n mens beslis verbaas laat staan. Veral vir voorgraadse studie steek die biblioteke van die Bantoekolleges nie die minste af by die blanke universiteite nie.

Die Universiteitskolleges bied graadkursusse in Lettere, Sosiale wetenskappe, Natuurwetenskappe, Ekonomie, Handel en Administrasie aan. Verder ook diploma's in opvoedkunde en sosiale werk.

Diplomakursusse in Teologie, Musiek, Tegniese werk ens. sal ingestel word na gelang die behoefte wat reeds bestaan, konkrete uitdrukking kry. Opleiding van laboratorium-assistente, apteker-assistente, ens., word almal in die vooruitsig gestel. Die toelatingsvereistes vir graadstudente is dieselfde as aan die blanke universiteite.

Toelatingsvereistes vir diplomastudente word bepaal deur die senate van die betrokke kolleges. Die hele gedagte van die diplomaleerplanne is natuurlik die opleiding van bekleërs van betrekkinge in verband met verskillende toekomstige ontwikkelings in die Bantoegebiede. Studielenings aan studente is beskikbaar en is rentevry solank die student studeer. Verdere studierigtings sal ingestel word sodra die tyd daarvoor ryp is en genoegsame behoefte daarvoor bestaan.

**In hierdie artikel—die derde in die reeks van vier — word algemene geriewe en akademiese opleiding behandel.**

**MUSEUM**

Die studente ontvang egter ook buite die lesingsale akademiese vorming. Talle akademiese verenigings word beplan o.a. verenigings vir Lettere, Opvoedkunde, Sosiale wetenskappe, ens. Aan die Universiteitskollege van Zoeloeland is reeds begin met die stigting van 'n volkekundige museum waarin veral die bydrae van studente 'n belangrike rol sal speel. Ook op hierdie vlak van die akademiese opleiding is veel te wagte.

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

**SOSIALE VORMING**

Daar word veral met betrekking tot sport om die oomblik veel gedoen. Sportsoorte soos tennis, tafeltennis, sokker, sagtebal, ens. geniet tans aandag. Bane en velde vir die sportsoorte behoort binnekort gereed te wees. Aan ondernemingsgees vir sport ontbreek dit by die studente nie.

Maar ook op die gebied van suiwer sosiale verkeer word daar veel gedoen. Skaak is reeds gevestig asook Debatsverenigings en die C.S.V. Hierdie sy van die saak word grootliks aan die studente oorgelaat om self te organiseer.

Die kolleges probeer om net soos enige universiteit nou al sy studente op te lei om verantwoordelikheid te aanvaar. Hulle is die mense wat môre en oormôre weer die dinge aan hulle eie mense moet gaan leer. Hulle is die persone wat onder hulle eie mense gesonde, intellektuele en stabiele gemeenskappe moet gaan vorm. Met die basis wat hulle op hulle inrigtings vir hoër onderwys ontvang, is dit moontlik.


*Cachet Modes*

**(Edms.) Bpk.**

**Tomstraat 92 Telefoon 1389**

**POTCHEFSTROOM**

***Ons spesialiseer in DRAG VIR JONG DAMES, veral KERKDRAG***

***NOMOTTA-WOL in voorraad***


## KONFERENSIE

Die redakteur van Die Wapad, mnr. D. A. S. Herbst, sal die konferensie van die Suid-Afrikaanse Universiteite Persvereniging op 8 en 9 Julie in Kaapstad bywoon.

# Dorpstudente Kry Die Wapad Voortaan in Kafeteria

**'N NUWE SIRKULASIESKEMA vir studente wat nie in koshuise woon nie, word vanaf aanstaande kwartaal deur Die Wapad in werking gestel.**

Studente wat in die dorp woon, sal voortaan hul Wapad self in die kafeteria kan afhaal. 'n Kaartstelsel sal gebruik word. Elke dorpstudente sal van kaarte voorsien word waarop die verskyningsdatum en die nommer van elke uitgawe aangebring is.

Op die dag van die verskyning van Die Wapad sal 'n dorpstudent sy kaartjie vir die betrokke uitgawe in die kafeteria inruil vir Die Wapad.

Hierdie nuwe reëling word egter slegs as proefneming ingevoer vir 'n gedeelte van die tweede semester.

**BAIE LAAT**

Tot dusver is eerstejaars gebruik om die koerant aan dorpsintekenare te versprei, maar ten spyte van herhaaldelike aansporings, ontvang talle dorpstudente die koerant dikwels dae na die verskyning—dikwels veertien dae laat.

'n Kommissie is uit Die Wapad se redaksie benoem om die saak te ondersoek. Die kommissie het bestaan uit mnre. Herman Oosthuizen (konvenor), Ernie van der Merwe, Johan van der Merwe en die hoofredakteur.

Die kommissie wat verskeie dorpstudente aangehoor het, het bevind dat die skema by wyse van 'n proefneming ingestel kan word. Dit sal vir dorpstudente nie tydrowend wees om op die verskyningsdag van Die Wapad die koerant self in die kafeteria af te haal nie.

**VYF UITGAWES**

Die nuwe sirkulasieskema sal betrekking hê op vyf uitgawes na die Julievakansie en sal met die tweede, die Intervarsitie-uitgawe, in werking tree. Dorpstudente sal vooraf van kaarte voorsien word.

Die skema het egter geen betrekking op studente wat in die koshuise woon nie en hulle sal die koerant net soos in die verlede ontvang.

● Die redakteur van Die Wapad het in 'n onderhoud 'n beroep op all dorpintekenare gedoen om hul steun in die verband.



*'n Welbekende persoonlikheid in musiekkringe, Pieter de Villiers, vertrek binnekort oorsee om sy langverlof aldaar deur te bring. Hy is sedert 1954 aan die Universiteit se musiekdepartement verbonde en beklee tans 'n senior lektoraat en gee ook klavieronderrig aan die konservatorium. Hy het verskeie plaaslike kore afgerig en dikwels as solis in konserte opgetree, benewens verskeie radio-uitsendings. Net voor sy vertrek tree mnr. de Villiers in die huwelik met Eleanor Pellisier, 'n onderwyseres verbonde aan 'n plaaslike laerskool. Hulle hoop om ongeveer drie maande in die buiteland deur te bring.*

# GERT POTGIETER PRAAT OOR OEFENMETODES

In 'n sportpraatjie voor 'n S.S.B.-vergadering het Gert Potgieter belangrike punte oor oefentegniek en -metodes, veral met betrekking tot atletiek, nader toegelig.

Hy het begin met 'n wenk aan toekomstige onderwysers oor die opvoedkundige aspek van aanstaande sportmanne. Dit is hier waar die grondslag van toekomstige sportmanne gelê word. Iemand mag miskien op skool presteer het maar na skool heeltemal van die sportterrein verdwyn omdat hy bang is dat hy sy prestasie mag verloor.

Elke sportman moet sorg vir die opbou van stamina wat alleen bereik kan word deur intensiewe oefening wat erntige konsentrasie verg.

Ook moet die sportman 'n doel voor oë stel wat hy met alle inspanning en opoffering moet bereik en alles moet hy met die grootste selfvertroue aanpak. Hieraan koppel hy deursettingsvermoë—fisies sowel as geestelik.

In internasionale kompetisies moet alle deelnemers as mense beskou word en nie as afgode nie.

**OUTYDSE**

Hy het verder gewys op die verskil tussen die outydse en hedendaagse oefenmetodes. Vandag word een soort oefening nie slegs aan een bepaalde sportsoort gekoppel nie. Atlete doen liggaamsoefening, neem deel aan swemoefeninge, tel gewig op, ens. Gewigoptel is vroeër beskou as 'n oefening wat spoed laat afneem; vandag as 'n middel om fisies versterk te word. Sodanige afwisseling help mee om geestelike slapheid, wat kan ontstaan as gevolg van roetine-oefeninge, teen te werk.

Op die vraag of rook enige nadelige invloed kan hê op fisiese fiksheid, het hy hom soos volg uitgespreek: „Voer 'n skoon lewe, moenie rook nie, moenie drink nie."

## DAMES MANS VOOR

*UNISA*, amptelike tydskrif van die Universiteit van Suid-Afrika, verklaar in 'n verslag oor 'n opname wat Suid-Afrikaanse universiteit oor 'n tydperk van twintig jaar gemaak het, dat bevind is dat dameseerstejaars beter as mans presteer (in die eerste jaar).

Dames druip oor die algemeen minder, is minder afwesig van eksamen en skryf ook in 'n groter mate daarvoor in as mans.

# OOR SPEURWERK, KYSTE EN PERSOONLIKHEDE

MET MY FYN waarnemingsin en ta-linte het ek soos 'n wegloperbrak weer die afgelope dae en nagte op die campus rondgeslenter.

My oë was oop en ek het weer baie dinge gesien en gehoor.

Daarom het ek lus om so 'n bietjie te knor en 'n paar onthullings te maak.

### STEWIGE KYS

**Leon Porter** is deesdae 'n vurige bewonderraar van die krag van die Griekse helde van ouds. Die rede: hy bemin die dogter van 'n gesaghebbende op die gebied van liggaamlike onderrig.

Dit gaan dus vir hom om krag en liefde. Aan hom en **Neline Smith** ons goeie wense vir die kragtige saamsweer in die Griekse arena's van ouds.

* * *

**Verloof: Erna Labuschagne** en **Bingle Kruger.**

* * *

**Bok Fourie, Chris Maritz** en **Herman Venter** het die verhouding mans-dames 'n knou gegee — toe iemand nou die aand nader wou gaan kennis maak, is hy „in hegtenis geneem".

* * *

**Toy Dannhauser** het nou die aand sy „final warning" gekry om nie weer in die eetsaal te fluit nie. Dieselfde Toy wens dat die gips aan sy been nou kan afkom—die ryp lol glo so 'n bietjie hier by die tone langs.

* * *

**Oom Naas** het so byna-byna in die tronk beland nadat hy na bewering glo **oom Bossie** se boot „verduister" het.

* * *

**Jan Ras** teken tans as hokkiedoelwagter baie doele aan—vir sy teenstanders.

* * *

**Koos du Plooy** kan nie 'n bevredigende foto van homself vir Die Besembos laat neem nie—elke keer as hy voorverlede Saterdag deur 'n gaping gestryk het, het 'n ou hom met 'n vuis bygekom (of soos **Hans van Zyl** sal sê: gepos).

* * *

**Ettiene Stassen** en **Petra Tait** was 'n dag lank kammalilies verloof. Geluk!

* * *

Daar is weer n' toer na Suidwes. **Zuna Vosloo** gaan saam en **Hans van Zyl** is benoud.

* * *

Dieselfde **Chris Maritz** en **Herman Venter** van netnou asook **Piet Bosman** het ontluik in sakelui (sic), en openbaar 'n skielike voorliefde vir donkerbrille!

* * *

Sedert **De Wet Krüger** in die koshuis woon, sukkel die ou maar om met laataande warm te word, aangesien hy ook nou op die koue spykerbnakies aangewys is.

* * *

**Tamatie Boshoff** en **Piet van der Schyff** beoog glo die aanbou van 'n eie rugbyveld. Hulle wil ook hulle eie rugbybal maak . . . Hulle het m.i. genoeg wind, en kort nog net die leer.

Daar is voorgestel dat 'n vleuelklavier aangekoop moet word vir die Studentesaal. Dit is egter bevind dat daar reeds 'n gewone klavier in die saal is. Nou sal nog net die vleuels aangekoop word.

* * *

In Heimat se eetsaal is al die Puk se S.R.-voorsitters se name op 'n houtraamwerk aangebring. **Louw van Wyk** het gevoel dit moet op 'n meer pertinente plek kom. Die rol sal nou daar opgerol word en in die kafeteria oopgerol word.

Hierdie „inside information" het ek afgeluister nou die aand met 'n S.R.-vergadering toe ek op drie bene teen een van die doringbome naby die S.R.-kantoor gestaan het —my linker agterpoot het ek nerfaf geskuur teen een van die vele kettings op die campus . . . daardie een op die hoek van Eerstestraat en B-laan.

* * *

**Christo J. van Vuuren, B.A.,** alias „Proffie", was Woensdagaand „skynbaar dood"—hy het in die eenbedryf —**Die Ligblou Vaas**—die rol van die skyndood gespeel.

* * *

● En dan wonder ek maar net saam met al die slepers—wanneer kom die spykerbankies dan op hul regmatige plek. Die jaar is immers al in die hartjie van sy derde „sy-soen".

* * *

Volgens **Idyll van der Walt**—hy het sy kennis tydens die onlangse vasvrawedstryd oor die S.A.U.K. geopenbaar—is Durban die hoofstad van Natal.

Nie een van die drietal wat aan die wedstryd deelgeneem het, het geweet wie die Suid-Afrikaanse beeldhouer is wat onlangs in Engeland vir homself vlerke gemaak het nie. Een het gesê dit was Van Wouw en toe weer Moses Kottler. (Eintlik was dit Emil Hartman).—Brak.

## U.O.D. PRIVAAT

Die Uitvoerende Komitee van die Vrystaatse Provinsiale Raad het goedkeuring daaraan verleen dat die Onderwysdepartement van die Vrystaat die U.O.D.-kursus wat in 1961 deur die Universiteit van Suid-Afrika ingestel sal word, sal erken.

Hierdie Onderwysdiploma sal dan ook in alle opsigte as gelykwaardig beskou word aan die diploma wat studente deur voltydse studie aan 'n Universiteit behaal.

Dit sal egter van sodanige studente verwag word om minstens twee jaar aan die diplomakursus te wy, terwyl dit vir voltydse studente (minstens) een jaar neem om die kursus te voltooi.

Verder moet studente wat hierdie kursus wil volg, ook minstens twee jaar as voltydse gegradueerde onderwyser in diens van 'n Suid-Afrikaanse Onderwysdepartement wees.

## Onrus in Japan

**Onrus heers nog steeds in Japan en agter die hele opstand sit studente van die land, veral lede van die Zangukaren Studente-unie, die getalsterkste studenteliggaam van die land.**

**Berigte wil dat die Kommunistiese party die studenteleiers tot tien sjielings per dag betaal vir hulle bedrywighede.**

# Tenniskaptein van 1959 aan die Woord

Geagte Redaksie,

As daar een persoon is by wie daar volle agting vir prof. D. P. J. Smith bestaan, en wat bewus is van sy bydrae tot sport in Suid-Afrika dan is dit ek. Nou vind ek in Die Wapad (11 Mei 1960) p. 3 'n artikel waarin sy bydrae geskets word. Ongelukkig verskyn daar nou in die laaste paragraaf met betrekking tot tennis 'n stelling wat ek dink wat prof. Smith graag self reggestel sal wil hê.

U sê nl. dat dit hoofsaaklik onder prof. Smith se leiding was dat die S.A.U.-tennistoernooi op Potchefstroom plaasgevind het in 1959. Afgesien vir my waardering vir die aandeel wat prof. Smith had, beskou ek dit werklik as 'n klap in die gesig van die bestuur van die P.U.-tennisklub van 1959.

Die toernooi moes reeds twee jaar voor 1959 op Potchefstroom plaasgevind het. Dit het egter nooit gebeur nie. Die bestuur van 1959 het gevoel dat die P.U. sy plig in die opsig lank genoeg versuim het en het derhalwe daarop aangedring dat die toernooi in 1959 op Potchefstroom sou plaasvind.

Dit was dus nie deur terloopse belangstelling en bemiddeling van een persoon nie, maar deur die pligsbesef van 'n bestuur wat slegs die naam van sy Alma Mater wou red (ek kan my voorstel wat daar van die P.U. gesê sou gewees het indien ons weer nie ons beurt geneem het nie), dat die toernooi op Potchefstroom plaasgevind het.

Ek voel oortuig dat prof. Smith die saak reggestel sal wil hê. Langs hierdie weg wil ek namens daardie bestuur weer eens slegs opregte dank aan prof. Smith uitspreek vir die onbaatsugtige hulp wat ons van hom ontvang het.—E. J. DE JAGER.

[Die artikel waarna die skrywer verwys, was natuurlik in die eerste plek 'n waardering teenoor prof. Smith se bydrae tot sport in die algemeen en 'n bekenstelling van die besondere prestasie wat hom te beurt geval het.

Die gedagte het egter nooit bestaan om die werk van die tennisbestuur van 1959 oor die hoof te sien nie. Ons sal die eerste wees om die flinkheid en bedrywigheid van die bestuur te erken. Waar die artikel egter spesifiek oor prof. Smith gehandel het, is sy aandeel tot die geslaagdheid daarvan beklemtoon.—Red.]

# „NUSAS is die Breë Raamwerk waarin ons moet Saamstaan"

**The Editor,**

**I HAVE READ, with interest, your Editorial appearing in the issue of the 11th May and while pleased indeed by the desire for co-operation and contact evinced in it, I should like to make one comment on the concluding paragraphs.**

I do not think that for the centres within the A.S.B. to continue with their declarations in favour of three Uni-racial student unions, namely, Afrikaans, English and African, is either desirable or equitable.

It is undesirable because nothing could be more conducive to a lack of understanding and a widening of existing breaches than the creation of such a framework of vertical differentiation as is envisaged here. The answer, as we have always said, lies not in coalition or in confederation, but only the coming together of all students within one broad uion; the structure of which was laid in 1923 when Nusas was founded.

It is inequitable because you are using a law which is against the will of the vast majority of the people, non-White as well as White, whom it affects. You cannot make people desire seclusion in sectional isolation and this is precisely what you are attempting to do.

The passing of the University Apartheid Acts does not make U.C.T. and Wits desire to be closed, nor does it make Fort Hare desire to come under the Department of Bantu Education. You must approach the problem realistically and you must not continue to support legislation which was enforced on people against their will and which is effective only in fact and not in spirit.

—Yours sincerely,

JOHN SHINGLER.

# Enkele Opmerkings

Hoewel aspekte van die brief van mnr. Shingler regstreeks of onregstreeks in die hoofartikel beantwoord is, is daar tog enkele opmerkings wat van die hart moet af.

Ons is juis realisties as ons erken dat koalisie tussen die A.S.B. en NUSAS onmoontlik is. Redes hiervoor is reeds in vorige uitgawes van Die Wapad aangetoon. Kragtens botsende beginsels en uitgangspunte en uiteenlopende doelstellings is koalisie onmoontlik.

Ons sien egter wel samewerking in die vorm van 'n konfederatiewe liggaam waardeur elke groep primêr sal bly wat hy is en nie sy beginsels sal prysgee nie (vgl. my hoofartikel in Die Wapad van 27 April 1960).

### BEDENKINGE

Oor die enkele sinnetjie „die saampsan van alle studente binne 'n breë liggaam waarvan die grondslag gelê is met die stigting van NUSAS in 1923" het ek my suur bedenkinge.

Feit is dat NUSAS hoegenaamd nie verteenwoordigend is van alle studente in die land nie. Die A.S.B. met 16,000 studente agter hom, is voorwaar vandag meer verteenwoordigend as NUSAS!

Toe NUSAS in 1923 in die lewe geroep is, het dit al die bestaande universiteite en universiteitskolleges van daardie tyd ingesluit—ook die Afrikaanse inrigtings. In 1933 het die Afrikaanse sentra egter weggebreek van NUSAS wat 'n onmiskenbare imperialistiese, liberalistiese en negrofilistiese kleur begin aanneem het.

Afrikaanse sentra het in daardie jare ook beswaar gehad teen NUSAS se pogings om S.A. hegter saam te snoer met Groot Brittanje, en NUSAS het sedertdien hierdie rede aangegryp om die Afrikaanse studente daarvan te beskuldig dat hulle bloot weens rasseverskille afgestig het, en dat liberalisme geen rol gespeel het nie.

### NIE NUSAS NIE

Teen hierdie agtergrond het die A.S.B. ontwikkel tot wat hy vandag is; die doelstellings waarvan ek hier nie kan noem nie, maar wat seker bekend is.

Nee, mnr. Shingler, NUSAS bied nie die breë raamwerk waarbinne die studente van die land kan skaar nie. Daarvoor kan ons ons nie met sy doelstellings en optredes vereenselwig nie.

Laat die A.S.B. dan primêr bly wat hy is, laat NUSAS dan primêr bly wat hy is.

Laat ons nie verval in kleinlike haarklowery oor onmoontlikhede nie. Laat ons in belang van S.A. en die toekoms wat hierdie land die hoof moet bied, saamstaan sonder opsegging van beginsels, maar in eerbieding van mekaar se beginsels.

Maar laat ons ook die hand in eie boesem steek en reformaties uitstryk wat in eie kring nie reg is nie, alvorens ons ons wend tot wat vir ons lyk in ander kring nie reg is nie. —D.H.

## GEEN UNIVERSITEIT

Die moontlikheid van die stigting van 'n universiteit vir blankes op die Goudveld van die Vrystaat, is vir die nabye toekoms uitgesluit, lui 'n berig in IRAWA, studenteblad van die U.O.V.S.

Die dorpsbestuur van Virginia het navraag by die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap gedoen na die moontlikheid dat 'n Universiteit op die goudveld gestig kan word.

Blykens 'n antwoord van die Departement is daar nog soveel ruimte vir verbetering van opleidingsgeriewe aan die bestaande universiteite, dat beskikbare staatsfondse eerstens in hierdie kanale gelei sal word.




DIENS!

OP DIE PUNTE VAN ONS VINGERS . . .

SUID-APTEEK

BOTHASTRAAT 80

PROTEA-APTEEK

KERKSTRAAT 86



„LIEWE INGRAM, EK VERLANG"

BESOEK —

INGRAM SE DRANKWINKEL

Allerlei ● WYNSOORTE, BIER en STERKDRANK

asook ● KOELDRANKE en VARS LEMOENSAP

(5/- 'n halwe kan — 9/6 per gellingkan)

„EK GAAN TERUG NA OU INGRAM AS EK KAN"


Gedruk deur ENSLINS, Potgieterstraat, Potchefstroom.

